Jannie du Toit

Lirieke van my opnames. Meer te kry op my webblad
www.janniedutoit.com

ONS GROOTSTE GAWE

Musiek: Jannie du Toit
Teks: Jannie du Toit

Wat dink jy is die grootste gawe
Waarmee ons hier op aarde geseën word?
Dalk die blou van die lug daarbo
Of die statige wolke
Die golwe van die diepblou see
As dit spoel oor die sand
Is dit die kus of die binneland?
Nee, ek dink dis knoffel
Knoffel op 'n pizza
Knoffel op die tjops
Knoffel op 'n Weskuskrefie
Knoffel in my sop
Knoffel is verpligtend
as jy enigsins wil braai
Knoffel vir 'n eersteklas knoffelslaai

Want knoffel is gesond en dis goed vir verhoudings
Romantiese bande word smaaklik gesmee
Maar ver meer belangrik – ons almal weet dit mos
Knoffel laat kos smaak soos KOS